

## **MNR MATAMELA CYRIL RAMAPHOSA EN DIE OPENBARE BEAMPTES VIR NTABA NYONI LANDGOED EN NTABA NYONI VOERKRAAL GEE TOESTEMMING AAN SARS OM 'N PUBLIEKE VERKLARING UIT TE REIK OOR HUL BELASTINGNAKOMINGSTATUS**

**Tshwane, 7 Maart 2023** - Bedagsaam oor die aansienlike publieke belangstelling en besorgdheid oor die sake van die belastingpligtiges mnr. Matamela Cyril Ramaphosa, Ntaba Nyoni Landgoed en Ntaba Nyoni Voerkraal, het SARS sodanige belastingpligtiges se toestemming ontvang, ingevolge artikel 69(6) van die Wet op Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011 (TAA), om 'n publieke verklaring uit te reik. Sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van die belastingpligtige en die openbare beamptes, ingevolge artikel 69(6) van die TAA, is SARS wetlik verbied om sodanige verklaring uit te reik. Die maatskappye se toestemming is verskaf deur die openbare beampte, aangestel ingevolge artikel 246 van die TAA en verantwoordelik vir alle optrede en aangeleenthede van 'n maatskappy vir belastingdoeleindes, vir elk van die maatskappye afsonderlik.

Gevolglik wil SARS helderheid verskaf in verband met die volgende:

Ingevolge artikel 40 van die TAA, mag SARS 'n persoon uitwys vir ondersoek, verifiëring of oudit, gebaseer op enige oorweging toepaslik vir die behoorlike administrasie van 'n belastingwet, insluitend op 'n lukrake of risiko aanslag basis. Belastingpligtiges word nagespeur vir nakomings-ingrypings gebaseer op die gesofistikeerde saakuitwysingsmetodologie deur SARS ontwikkel wat gebruik maak van beskikbare data van statutêre verklarings deur belastingpligtiges, data van derdepartye, en ander bronne. SARS voer sy nakomings-ingrypings uit met uiterse versigtigheid en onafhanklikheid. Gebaseer op hierdie benadering, is sodanige belastingpligtiges oor die jare heen uitgewys vir oudit deur SARS nog lank voor die begin van mediapublikasies rakende die maatskappye, en dit het sedertdien voortgesleep.

Deur hul personeel en adviseurs, het die belastingpligtiges altyd ten volle met SARS saamgewerk gedurende hierdie oudits en was daar geen inmenging of weerstand van hierdie belastingpligtiges, hul personeel of enige ander party nie.

Die SARS-kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, bevestig: "Ek was op geen stadium deur President Ramaphosa of enige iemand namens hom genader ten opsigte van enige versoek verwant aan sy persoonlike en/of die maatskappye onder bespreking nie."

Die kommissaris sê verder: "Met die neem van hierdie uitsonderlike stap om die belastingstatus van die president, met sy geskrewe toestemming, openbaar te maak, moedig SARS ook ander hoëprofiel politiese ampsdraers en leiers in die gemeenskap aan om te oorweeg om ook hierdie proaktiewe stap te neem as deel van hulle toegewytheid tot deursigtigheid. Dit sal help om vertroue te bou in ons land se instansies."

Tot op hede, is oudits afgehandel sonder enige ongunstige belastingbevindings. SARS wil bevestig dat die belastingpligtiges voldoen aan hulle belastingverpligtinge.

SARS het die publiek nog altyd verseker dat ons optree sonder aansien des persoons of vooroordeel en sal daarin volhard ten opsigte van enige belastingpligtige en handelaar ongeag hul posisie of plek in die samelewing. Tesame met die hantering van elke belastingpligtige met die vertroulikheid soos deur die wet toegestaan, is hierdie vlak van professionaliteit en integriteit, sonder verwyf, fundamenteel tot die publiek se vertroue in SARS. Ons sal altyd hierdie beginsels hoog op die prys stel en sal niemand bevoordeel nie.

**Verdere navrae: [SARSmedia@sars.gov.za](mailto:SARSmedia@sars.gov.za)**